# Hoofstuk 1 – Hoop

Die wit minibus vol toeriste ry stadig deur die township en sommige mense waai in die verbygaan. Thembeka se Townshiptoere is welbekend in die omgewing en die bus kan maklik herken word aan die TTT-logo aan die kante van die voertuig.

"Aan ons linkerkant kan u die kleurvolle HOP-huise sien wat gebou is nadat ons 'n demokrasie geword het in negentien vier en negentig. Hulle is nie baie groot nie, maar hulle is beter as die plakkershutte waarin ons geleef het. U kan steeds sien dat baie mense nog in plakkershutte woon as u na u regterkant kyk 'n bietjie verderaan. Ons gaan nou deur 'n gebied waar u duidelik die verskil kan sien tussen 'n informele nedersetting aan die een kant en regeringsbehuising aan die ander."

Die minibus ry stadig en die toeriste kyk in stille verwondering soos hulle deur Thembalethu-township ry. Aan die linkerkant spikkel die regeringsbehuising die landskap, elke huisie 'n ander kleur geverf. Wasgoed hang buite aan tuisgemaakte wasgoeddrade. Kinders kan gesien word waar hulle in die strate speel. Die meeste van die huisies het 'n klein erfie en agter sommiges is daar 'n plakkershut opgerig om 'n huurder of addisionele familielid te huisves. Sommige erfies het 'n klein lappie groente en ander is net barre aarde.

Aan die ander kant van die pad, is die prentjie heeltemal anders. Tuisgemaakte plakkershutte dring die spasies tussen stofpaaie binne met 'n paar lendelam heinings wat die grense van die eiendomme afbaken. Die meeste van die plakkershutte is 'n kombinasie van hout, bouersplastiek en sinkplate. 'n Paar groot klippe op die dak onthul die tekort aan dakspykers en die doel daarvan is om te keer dat die verroeste plate afwaai in die sterk winde. Die meeste van die beskuttings is klein en lyk nie vreeslik waterbestand nie. 'n Paar rondloperhonde en hoenders is te sien waar hulle in sommige van die erfies van die informele nedersetting kos soek.

“O my wêreld, kyk net daar. Maar waarom woon mense nog in plakkershutte?” draal ’n Amerikaanse vrou.

“Want, Mevrou, sommige mense het geen ander keuse nie. Daar is nog nie genoeg huise om almal te akkommodeer nie. Meer as tweemiljoen huise is reeds gebou, maar ons het steeds meer nodig,” antwoord Thembeka van voor in die minibus.

“De paverty hier is tarrible,” sê ’n Nederlandse toeris in ’n swaar aksent. “How do people survive?”

“Ons maak planne. Sommige mense ontvang sosiale toelaes. Ander bou plakkershutte en verhuur hulle. Diegene wat werk het, ondersteun tot tien of twaalf mense met hulle inkomste. Sommiges begin ’n klein onderneming soos ’n spazawinkel of ’n haarkapper. Sommiges verkoop vrugte of vleis of iets anders van die sypaadjie af. Waar daar ’n wil is, is daar ’n weg.”

“Of ander slim mense begin ’n toerisme-onderneming,” sê ’n ouerige Brit met ’n laggie en voeg by: “Dit lyk of jy nogal uitstekend vaar, Thembeka. Hoe het jy jou townshiptoere begin?”

Thembeka hou van hierdie vraag. Dis een wat haar kliënte gereeld vra en sy voel nogal trots om dit te beantwoord. Sy verduidelik aan haar kliënte hoe sy gehoor het van townshiptoere wat in Soweto gehou word en dat sy besef het dat daar so iets nie in hierdie area aangebied word nie. Sy het besluit om townshiptoere aan te bied en het begin rondkyk vir iemand met ’n geskikte voertuig om haar vennoot te word. Uiteindelik het sy ’n plaaslike minibustaxi-eienaar omgepraat deur aan hom te sê dat sy voertuig baie meer geld kon verdien deur toeriste deur Thembalethu-township te neem as om pendelaars te karwei.

“En is joune die enigste maatskappy wat townshiptoere in hierdie gebied aanbied?” vra die Brit se vrou later.

“Ja, en ek beplan om dit so te hou,” antwoord Thembeka soos die minibus die einde van die begeleide toer nader. “Daar is nie genoeg toeriste om twee maatskappye te ondersteun wat dieselfde ding doen nie.”

"Hoe gaan u dit so hou? Wat sal u doen as iemand anders 'n soortgelyke onderneming in kompetisie met u begin?"

"Niemand sal met my probeer kompeteer nie. Almal hier ken my. As iemand met my wil kompeteer, sal ons die gemeenskap teen hulle kry en ons sal hulle toemaak." Die Britse vrou hou nie van die gemene toon in Thebeka se antwoord nie, maar sy sê niks nie.

❃

"Whitney?" sê 'n stem. Sy hoor dit vaagweg, maar dit registreer nie.

"Whitney Sithelo, luister jy?" sê mnr. Mawonga ferm. Whitney se gedagtes spring terug na die hede.

"Ja ... ja, Meneer. *Uxolo* – jammer, Meneer," stamel sy. Daar is 'n paar giggels in die klas. Whitney probeer haar denke skoon kry en te fokus op wat die onderwyser sê. Sy geniet gewoonlik Inligtingstegnologie, maar vandag dink sy aan ander dinge.

"Dan kan jy asseblief herhaal wat ek gesê het? Waarvoor staan HTML?"

"Uhm ... hiper ... iets taal?"

"Hypertext Markup Language, Whitney. Ons kan dit gebruik om webruimtes te skep. Hou asseblief op om te dagdroom en skenk aandag. Jy mag dalk nie nou so dink nie, maar wat jy op skool leer, mag jou dalk eendag help," sê mnr. Mawonga met 'n sweempie sarkasme.

"Ja, Meneer," antwoord Whitney gedwee en kyk na haar bank. Sy sukkel al die hele oggend om in die klas te konsentreer. Whitney geniet graad 9 en is gewoonlik baie oplettend, maar vanoggend is haar gedagtes op haar probleme tuis gerig. Sy stel vandag glad nie belang in skoolwerk nie.

Sy dink weer aan die vreeslike nuus wat sy vanoggend by haar ma gehoor het – dat sy haar werk verloor het. Vandat haar pa in haar graadsewejaar aan vigs oorlede is, was Whitney se ma die gesin se

broodwinner. Vir die eerste nege maande het sy WVF-voordele getrek van haar pa se bydraes tot die werkloosheidsversekeringsfonds. Toe het die WVF-voordele opgedroog en sy het na werk begin soek. Nadat sy twee maande lank gesoek het, het sy uiteindelik werk gekry as 'n admin-klerk by 'n plaaslike voedselvervaardigingsmaatskappy, en terwyl die salaris nie baie goed was nie, was dit genoeg om hulle twee te onderhou.

Maar soos baie ander maatskappye het die resessie die voedselmaatskappy erg geraak en 'n jaar nadat mev. Sithole daar begin werk het, is die maatskappy gedwing om 'n groot aantal personeellede af te lê om koste te bespaar. Hulle beleid was om die laaste mense wat deur die maatskappy aangestel is, ook die eerste te laat gaan indien die maatskappy mense moes aflê. Aangesien Whitney se ma een van die jongste aanstellings was, was sy een van die eerstes om afgelê te word. Sy het haar baas gesmeek om haar haar werk te laat behou en verduidelik dat sy 'n enkelma was, maar die opsigter het geantwoord dat daar niks was wat sy kon doen nie – dit was 'n besluit wat hoër op gemaak is deur die raad van direkteure.

Wie sou nou na hulle kyk? wonder Whitney. Hoe sou hulle oorleef? Hoe sou hulle kos en klere koop? Sy weet sy is nie veronderstel om haar oor sulke dinge te bekommer nie, maar sy kan eenvoudig nie die angs en onophoudelike vrae uit haar kop kry nie. Per slot van rekening het sy van baie tieners geweet wat in 'n soortgelyke situasie was, wie se ouers óf afwesig was óf werkloos en wat moes staatmaak op die skool se maaltyddiens.

Met behulp van 'n plaaslike nieregeringsorganisasie, het haar skool, Thembalethu-hoërskool, een maaltyd per dag voorsien aan leerders wie se gesinne nie genoeg kos tuis gehad het nie. Dit het op 'n koeponstelsel gewerk. Leerders of hul ouers kon aansoek doen om koepons wat die skool kon voorsien as hulle tevrede was dat die gesin werklik in die nood was. Die leerders met koepons het dan elke dag 'n gratis maaltyd ontvang – gewoonlik iets soos sop en brood of pap.

Whitney het gehoop dat sy nie nodig sou hê om om koskoeponne

aansoek te doen nie. Daar was sommige tieners wat neergesien het op diegene wat gebruik gemaak het van die maaltyddiens en die gek met hulle geskeer het, maar Whitney het hulle jammer gekry. Sy het geweet dat dit vir sommige kinders die enigste maaltyd was wat hulle per dag gekry het. Sy kyk oor die klaskamer na Simphiwe, 'n stil, intelligente seun wat sy geweet het van die voedingskema afhanklik was. Ander seuns het hom soms geterg, en dit het hom nog skamer en teruggetrokke gemaak. Hy het min in die klas gesê, maar het akademies goed gevaar en het meer in sy skoolwerk belang gestel as om gewild te wees. Whitney het gewonder waarom leerders wat hard gewerk het en goed gevaar het op skool, dikwels nie baie gewild was nie.

Met 'n skouerophaling, stoot sy die bekommernisse eenkant toe en probeer konsentreer op wat mnr. Mawongo sê.

"Daarom, as julle HTML ken, kan julle 'n webruimte vir julleself bou. Dis maklik om te leer en ons gaan die volgende paar dae na sekere van die basiese grondbeginsels van HTML kyk."

'n Seun wat agter in die klas sit, steek sy hand op. Sy ouers noem hom Komper en getrou aan sy naam, stel hy ernstig belang in Inligtingstegnologie.

"Ja, Komper?"

"Meneer, waarom moet ons HTML leer as ons ons eie webruimtes kan bou deur gebruik te maak van Facebook of Myspace? En een van my vriende het sy eie blog. Hy gebruik Wordpress. 'n Mens het nie HTML nodig om 'n webruimte te bou nie."

"Jy's reg, Komper. Jy kan maklik 'n basiese webruimte bou deur van Facebook of Myspace of Blogspot of enige van die ander gratis webruimtes gebruik te maak wat jou in staat stel om 'n verpersoonlikte webbladsy te skep. Maar dis net een bladsy en nie 'n volle webruimte nie. Jy kan 'n volle webruimte skep deur van Wordpress gebruik te maak of 'n gratis stelsel soos Joomla sonder om HTML te ken. Dit staan bekend as Content Management System of CMS kortweg. Maar ons sal later daarby uitkom. As jy wil leer hoe om webruimtes te ontwerp of hoe om die bronkode van

’n webruimte te verstaan, sal jy die basiese taal moet verstaan wat gebruik word om werbruimtes te bou, en dit is HTML.”

Whitney begin aantekeninge maak terwyl die onderwyser praat. Dit dwing haar denke om gefokus te bly in die klas. En buitendien, hoe sal sy ooit onthou van hypertext markup language en al daardie ander groot woorde wat mnr. Wonga gebruik?

❃

Gedurende eerste pouse, kry Whitney vir Lindiwe en saam stap hulle na hul gewone plek. Sedert laerskool is Lindiwe en Whitney beste maats en bring omtrent al hul tyd saam deur. Hulle het al so baie avonture saam beleef dat Whitney haar as ’n suster beskou.

“Wat’s fout met jou vandag?” vra Lindiwe. Sy het die vermoë om dadelik op te let as Whitney se bui anders is of wanneer iets haar pla.

“Niks nie. Waarom vra jy?”

“Moenie sê dis niks nie. Ek weet wanneer iets fout is. Jy lyk bekommerd oor iets.”

“Ek wil nie daaroor praat nie,” antwoord Whitney.

“Is dit oor ’n seun? Ek het gesien hoe jy vandag in die klas na Simphiwe kyk ... ”

“*Hayi* – nee! Jy het die kat aan die stert beet!”

“Hou jy van hom?”

“Natuurlik nie! Ek voel net partykeer jammer vir hom.”

“Jammer vir hom? Waarom?”

“Ek sien hoe Sifiso en die ander seuns ... jy weet ... soms die gek met hom skeer. Ek dink nie Simphiwe hou daarvan nie. En hy het nog nooit iemand seergemaak nie. Waarom moet hulle die lewe so swaar maak vir hom?”

“Dis omdat hy koskoepons gebruik,” sê Lindiwe eenvoudig.

“Ek weet, dis wat ek bedoel. Is dit nie laf nie? Ek bedoel hy kan dit nie help nie, kan hy? Sê nou maar ons moet ooit ... soos ... ag, toemaar wat.” Whitney kyk weg en probeer die knop in haar keel wegsluk.

Lindiwe sien dit nie raak nie, maar sy neem 'n sweempie hartseer in Whitney se stem waar. “Wat's fout, ntombi? Wat pla jou?”

Skielik kan Whitney nie meer terughou nie en bars in trane uit.

“Dis my ma ... sy ... sy het haar werk verloor,” snik Whitney. “Ek bekommer my so oor haar ... oor ons. Hoe gaan ons oorleef?”

“Wat? Wanneer het dit gebeur? Wanneer het jy hiervan uitgevind?”

“Net vanoggend,” sê Whitney terwyl sy haar trane vies wegvee. Sy het vir haarself gesê sy gaan nie huil nie. Sy moet sterk wees vir haar ma, nie daaroor huil nie, herinner sy haarself. “Sy is gister afgelê en sy kan nie eens die maand uitwerk nie. Een dag het sy nog 'n werk en die volgende, jy weet ... sit sy by die huis. Dis ... soos ... dis so onregverdig!”

Lindiwe probeer haar vriendin troos. Dis was onregverdig. Sy dink aan al die uitdagings wat haar vriendin al in die gesig moes staar. In graad 7 het sy haar pa weens vigs verloor en Whitney en haar ma alleen agtergelaat. En sy het daardie aaklige ervaring met Lucky gehad, onthou Lindiwe. Verlede jaar het hulle albei amper gesterf toe hulle met die verkeerde groep deurmekaar geraak het en by dwelms betrokke geraak het. En nou is Whitney se ma afgelê en het haar werk verloor sonder dat dit haar skuld was. Dit lyk soms of die lewe baie onregverdig is.

“Is daar enigiets wat ek kan doen, Whitney?” Miskien kan ek op 'n manier help. Ek is seker my ma sal nie omgee om kos vir jou en jou ma te stuur nie. Of wat ook al.”

“Dankie, Lindiwe. Maar ek dink nie my ma sal dit toelaat nie. Sy hou nie daarvan om op ander mense staat te maak nie. Sy sal dalk dink dat ek ... jy weet ... jou vir kos gevra het en dit sal haar baie ontstel,” antwoord Whitney.

“Wel, wat gaan jy doen? Ons moet aan iets dink.”

“Ek weet nie. Ek weet nie wat om nou te dink nie. Wat kan ek doen? Ek wil net nie ... ek wil nie soos Simphiwe wees nie ...”

❃

Whitney se ma, mev. Sithelo, gaan saggies op ’n leë stoel in die wagarea van die plaaslike welsynskantoor, SASSA, sit. ’n Teken teen die muur dui aan dat die akroniem staan vir die Suid-Afrikaanse Sosiale Sekuriteitsagentskap. Daarbo is daar geraamde foto’s van die President en van sy edele die Minister van Sosiale Ontwikkeling. Sy kyk rond na die ander mense in die wagkamer en wonder of enigeen ook onlangs afgelê is. Daar was ’n paar vrouens en ’n ouerige man. Die ou man se hande is op sy skoot gevou en Whitney se ma sien dat hulle bewe. Sy voel jammer vir die man en wonder of sy hande bewe van die ouderdom of omdat hy senuweeagtig is soos sy. Sy weet dat daar nie enige rede is om senuweeagtig of geïntimideer te wees nie, maar sy kan nie help om benoud te voel nie.

Dit was die eerste keer in haar lewe dat mev. Sithole dit selfs oorweeg het om aansoek te doen om die een of ander sosiale toelaag. Sy was trots op haar man wat altyd hard gewerk het om hulle gesin te onderhou tot sy dood twee jaar vantevore. Sy was trots op haarself dat sy dit reggekry het om werk te kry nadat haar man dood is en kon aanhou om haar en Whitney te versorg sonder enige hulp van die welsyn, behalwe die paar maande waartydens sy WVF-geld van die Werkloosheidversekeringsfonds ontvang het. Sy het ’n sekere mate van waardigheid en selfrespek ervaar omdat sy daarin geslaag het om haar eie geld te verdien en brood op die tafel te plaas vir haar gesin, selfs nadat haar man gesterf het. Toe sy haar werk verloor, het sy dadelik ander werk gesoek. Sy het die besoek aan die welsynskantoor vir ’n paar weke uitgestel tot haar geld op was in die hoop dat sy gou ’n nuwe werk sou kry en nie aansoek hoef te doen om ’n sosiale toelaag nie.

’n Gedeelte van haar benoudheid is omdat haar sin van selfrespek nou bedreig word, besef sy. *Nee, dis nie waar nie*, sê sy vir haarself. *Ek het nog steeds my selfrespek. My aflegging was nie my skuld nie. Om aansoek te doen om ’n sosiale toelaag is nie my skuld nie. Ek moet doen wat ek kan om te oorleef en na my dogter te kyk.* Sy herinner haarself daaraan dat om arm te wees of werkloos en om op welsyn staat te maak nie iets is om skaam oor te wees nie en affekteer nie ’n mens se waarde as ’n mens nie. Die gedagte bring haar sin van selfrespek terug en sy vind dat sy ’n bietjie regopper sit.

❃

“Volgende, asseblief.”

Toe dit haar beurt is, nader mev. Sithole die vrou by die inligtingstoonbank.

“Hoe kan ek u help?” vra die vrou met ’n beleefde glimlag.

“*Molo* – goeiemôre. Ek soek inligting oor hoe om aansoek te doen om ’n toelaag, asseblief.”

“Watter soort toelaag, Mevrou?”

“Uhm ... ek is nie seker nie. Watter soort toelaes is daar? Ek is afgelê en nou het ek geen inkomste nie.”

“Wel, laat ek sien. Daar is ’n toelaag vir ouer mense, ’n ongeskiktheidstoelaag, ’n kinderonderhoudtoelaag en ... wag, u het gesê dat u afgelê is?”

“Ja.”

“Wel, as u ’n werk gehad het, behoort u van die WVF te kan eis. Maar u kan dit nie hier doen nie. Weet u of u werkgewer bydraes gelewer het tot die Werkloosheidsversekeringsfonds?”

“Ja, maar ek het nie lank genoeg daar gewerk om my byvoordele op te bou nie en ek het vantevore reeds nege maande lank van die WVF geëis.

Ek dink nie ek kan weer eis nie."

"*Ndiyabona* – ek verstaan. So u wil om 'n toelaag aansoek doen?"

"Ja, asseblief, een van dié wat u opgenoem het, ek dink die kinderonderhoudtoelaag. Ek het een dogter en my man is oorlede,"

"*Uxolo* – ek is jammer om dit te hoor. Die kinderonderhoudtoelaag kan u dalk help, maar ek moet u waarsku dat dit nie baie is nie. Hoe oud is u kind?" vra die vrou met 'n opregte glimlag.

"Sy het vyftien geword vanjaar. Sy is in graad 7." Whitney se ma sien hoe die glimlag van die vrou se gesig verdwyn.

"Ek's jammer, Mevrou. Die kinderonderhoudtoelaag is net beskikbaar vir kinders onder vyftien."

Mev. Sithole se hart sak in haar skoene. Met 'n poging hou sy haar stem kalm en sê: "Maar ek is 'n enkelma sonder 'n inkomste. Is daar enige toelaag waarom ek kan aansoek doen?"

"Nee, Mevrou. Tensy u ouer as sestig is, of ongeskik is of indien u kinders onder vyftien is. Ek's jammer."

"*Oukei,* enkosi – dankie." Mev. Sithole laat nie die teleurstelling op haar gesig wys nie wanneer sy van die toonbank wegdraai. 'n Gevoel van hopeloosheid spoel oor haar, maar sy keer dat dit 'n houvas op haar kry. Sy klou aan 'n flou straaltjie van hoop in haar hart, soos 'n enkele ster in die donker hemel. Sy begin saggies bid terwyl sy terugloop na die taxistaanplek. Sy weet nie wat meer sy kan doen nie. Môre saL sy aanhou werk soek, maar werk was skaars. Die ekonomie was sleg – baie maatskappye moes sluit of hulle personeel aflê, so daar sou baie mense wees wat probeer werk kry. *Ag God, help ons asseblief nou. Sorg vir ons,* bid sy.